

Verkorte klassieke Formulier in hedendaagse Afrikaans



Instellingswoorde

Kom luister na die woorde waarmee ons Here Jesus Christus die heilige Nagmaal ingestel het soos Paulus dit verwoord:

Ek het van die Here ontvang wat ek ook aan julle oorgelewer het: Die Here Jesus het in die nag waarin Hy oorgelewer is, brood geneem en, nadat Hy God daarvoor gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: "Dit is my liggaam; dit is vir julle. Gebruik dit tot my gedagtenis."

Net so ook het Hy ná die maaltyd die beker geneem en gesê: "Hierdie beker is die nuwe verbond, wat deur my bloed beseël is. Gebruik dit, elke keer as julle daaruit drink, tot my gedagtenis." Elke keer as julle van hierdie brood eet en uit die beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom.

Elkeen wat op 'n ongepaste wyse van die brood eet of uit die beker van die Here drink, sal skuldig wees aan sonde teen die liggaam en die bloed van die Here. Maar elkeen moet eers homself ondersoek voor hy van die brood eet en uit die beker drink (1 Kor 11:23-28.)

Om die Nagmaal op die regte wyse te vier en daardeur vertrous te word, is dit nodig dat ons onself vooraf deeglik ondersoek en die Nagmaal dan gebruik om die Here se verlossingswerk opnuut in herinnering te roep.

Selfondersoek

Ware selfondersoek bestaan uit die volgende drie dele:

- Ons moet nadink oor ons sonde en die vloek wat ons oor onself gebring het. Hieroor moet ons onself met diepe berou in nederigheid voor God neerbuig.
- Ons moet God se vaste belofte glo dat al ons sondes vergewe is alleen op grond van die versoening wat Christus vir ons bewerkstellig het. Omdat Christus ons skuld gedra het, en ons sy geregtigheid ontvang het, is ons van ons skuld vrygespreek.
- Ons moet opreg begeer om God met ons hele lewe te dank, opreg voor Hom te leef en in ware liefde en eensgesindheid in harmonie met ons naaste te lewe (vgl 1 Kor 11:27-29; Ps 51).

Hulle wat só 'n gesindheid het, wil God in genade aanneem en in die seëninge van die Nagmaal laat deel. Hulle wat egter God se gebod hardnekkig en sonder berou oortree, eet en drink 'n oordeel oor hulleself.

Daarom verkondig ons aan almal wat in hulle sonde volhard, dat hulle nie na die Nagmaal van die Here moet kom nie. Almal dus wat afgode dien, towenaars en waarsêers aanhang en aan hulle glo, lasterlike dinge van God sê of skeuring in die kerk of staat veroorsaak, meened pleeg of ongehoorsaam is, moet nie deel hê aan die Nagmaal van die Here nie; so ook alle moordenaars en twissoekers, egbrekers, hoereerders, dronkaards, diewe, rowers, dobbelaars en gierigaards (vgl 1 Kor 5:11, Ef 5:5; Eks 20:12-17; Sag 8:17; Lev 19:12).

Want iemand wat liefdeloos en aanstootlik lewe, het nie deel aan die koninkryk van Christus nie. Tog kom ons nie na die Nagmaal omdat ons dink ons is sonder sonde en volmaak nie; intendeel, ons kom juis omdat ons die lewe buite onself in Christus soek.

Nagmaal as
herinneringsmaaltyd

Met so 'n gesindheid erken ons dat ons van nature deur die sonde dood is. Ons het inderdaad nog baie tekortkominge, soos 'n gebrek aan geloof, aan ywer in God se diens, en aan liefde vir God en ons naaste.

Ons het egter deur die genade van die Heilige Gees met ons hele wese berou oor ons sondes en begeer opreg om volgens al die gebooe van God te lewe. Daarom kan ons seker wees dat God ons in genade aanneem en waardig ag om deel te hê aan die voedsel en drank wat God ons gee.

Die Here leer ons die doel van die Nagmaal wanneer Hy sê: “Gebruik dit tot my gedagtenis.” Om die Nagmaal op hierdie wyse te gebruik moet ons opreg glo dat Christus deur die Vader na hierdie wêreld gestuur is, dat Hy waarlik mens geword het en as sondelose Lam God se toorn gedurende sy hele lewe op aarde in ons plek gedra het. Christus het God se wet in ons plek met volkome gehoorsaamheid vervul. Hy het ons sinnedad gedra sodat ons nooit weer tot skande sou word nie.

Hy is onskuldig tot die dood veroordeel sodat ons van God se oordeel vrygespreek kan word. Hy is met spykers aan die kruis vasgeslaan om die skuldbrief van ons sondes daaraan vas te heg (vgl Kol 2:14). Op hierdie manier het Hy in ons plek ons vervloeking op Hom geneem om sy seën aan ons te skenk. Sodat ons nooit weer deur God verlaat sou word nie het Hy uiterste pyn en smart gely en in bange Godverlatenheid uitgeroep: My God, my God, waarom het U My verlaat? (vgl Matt 27:46; Mark 15:34).

Uiteindelik het Hy met sy dood en met sy bloed wat gevloei het die ewige genadeverbond bekragtig met dié woorde: Dit is volbring (vgl Joh 19:30.)

Wanneer ons op hierdie wyse aan Hom en sy lyding dink, verseker die tekens van brood en wyn ons telkens weer dat Hy Hom in ons plek gestel het. Ook verseker hierdie tekens ons dat Hy ons werklik met sy liggaam en bloed voed – net soos Hy ons voed wanneer ons die brood en wyn eet en drink.

Op hierdie manier wil die lewende Christus ons deur sy Gees van sy liefde verseker en ons onwrikbaar laat beseft dat ook ons ingesluit is in hierdie genadeverbond. Elke keer as ons die Nagmaal vier, getuig ons van sy dood totdat Hy weer kom.

Daarom laat die fees van die Nagmaal ons vurig verlang en uitsien na die bruilofsfees van die Lam.

Die Nagmaal leer ons immers om die eenmalige offer wat ons Here Jesus Christus aan die kruis gebring het heelhartig in die geloof te aanvaar as die enigste grondslag van ons saligheid.

Aan die kruis is sy liggaam gebreek en sy bloed uitgestort om sodoende volkome versoening vir al ons sondes te bewerk. Ook het Hy op hierdie wyse vir ons die ware voedsel en drank van die ewige lewe geword.

Deur sy dood het Hy ook vir ons die Gees verwerf – die Gees wat lewend maak, ons in ware gemeenskap aan Christus verbind en ons in al sy seëninge laat deel.

Dieselfde Gees bind ons ook in ware liefde saam as lede van één liggaam. Omdat ons almal deel in die een brood, is ons almal een liggaam (1 Kor 10:17).

Daarom moet almal wat deur die geloof in Christus ingelyf is, hierdie eenheid in liefde met woord en daad teenoor mekaar bewys. Mag God deur sy Gees ons daartoe help.

Amen.

Gebed

Laat ons ons nou eers nederig voor God neerbuig en Hom gelowig om sy genade aanroep:

O God en Vader, wat U oor ons ontferm, ons dank U dat ons opnuut u Seun, Jesus Christus, se bittere kruisdood mag gedenk – 'n gebeurtenis wat vir ons troos inhou.

Ons bid U, gee deur u Heilige Gees 'n opregte vertrouwe in ons hart sodat ons onself toenemend aan u Seun sal toewy; met Hom, die brood van die ewige lewe, versterk sal word en nie meer in ons sondes nie, maar in verbondenheid met Hom mag lewe.

Verseker ons dat U ons genadige Vader is en dat ons u kinders en erfgename is. Help ons om onself te verloën, om ons Heiland te bely en met verlange te wag tot Hy weer sal kom om ons in ewigheid na Hom te neem.

O God en Vader, U wat U oor ons ontferm, verhoor ons om Jesus ontwil. Amen.

Hierna volg 'n toepaslike Psalm. Die bedienaar gaan na die tafel en sê:

Beroep om hart en gedagtes te rig op Christus.

Rig u hart en gedagtes nou op Jesus Christus, ons Voorspraak aan die regterhand van ons hemelse Vader. Wees daarvan verseker dat die Heilige Gees u werklik versterk met Jesus se liggaam en bloed, net so seker as wat u die brood en die wyn ontvang as herinneringstekens aan sy verlossingswerk.

Kernuitsprake by die uitdeel handeling

Die brood wat ons breek, is die gemeenskap met die liggaam van Christus. Neem, eet; dink daaraan en glo dat die liggaam van ons Here Jesus Christus gebreek is tot 'n volkome versoening van al ons sondes.

Die beker van danksegging wat ons met danksegging seën, is die gemeenskap met die bloed van Christus. Neem, drink almal daaruit; dink daaraan en glo dat die kosbare bloed van ons Here Jesus Christus vergiet is tot 'n volkome versoening van al ons sondes.

Lofprysing

Geliefdes, omdat die Here ons met die brood van die lewe versterk het, laat ons almal saam sy Naam dankbaar loof en prys met dié woorde:

Ek wil die Here loof, met alles wat in my is, wil ek sy heilige Naam loof.

Ek wil die Here loof en nie een van sy weldade vergeet nie.

Dit is Hy wat al my sonde vergewe, wat al my siekte genees, wat my red van die graf en my met liefde en ontferming kroon, wat my die goeie in oorfloed laat geniet.

Barmhartig en genadig is die Here, lankmoedig en vol liefde.

Want so groot as die afstand tussen hemel en aarde is, so groot is sy liefde vir dié wat Hom dien.

So ver as die ooste van die weste af is, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons af. Soos 'n vader hom ontferm oor sy kinders, so ontferm die Here Hom oor dié wat Hom dien.

Hy het sy eie Seun nie gespaar nie, maar Hom oorgelewer om ons almal te red. Sal Hy ons dan nie al die ander dinge saam met Hom uit genade skenk nie? (Ps 103:1-5, 8-13, Rom 8:32).

Daarom sal ons mond en hart die lof van die Here verkondig – van nou af tot in ewigheid.

Amen.

Dankgebed

O God en Vader, wat U oor ons ontferm, ons dank en loof U dat U die heerlike beloftes van die evangelie met hierdie Nagmaal bekragtig.

Ons dank U dat U u enigste Seun geskenk het as Middelaar en offer vir ons sondes.

Ons dank U vir die ware geloof, waardeur ons deel kry aan die offer van u Seun.

Ons bid U, laat die Heilige Gees in ons werk sodat die boodskap van die dood van die Here ons elke dag sal laat groei in die geloof en in die heerlike gemeenskap met Christus. Om sy Naam ontwil. Amen.